

### 3 'N PEDAGOGIESE EVALUERING VAN DIE TRANSVAALSE PLAASSKOOLOOR 1860

#### 3.1 Die opvoedingsideaal

'n Kenmerk van die Afrikanerboer op sy plaas was sy godsdienstige aard en die Godvrugtig-Christelike lewe wat hy gevoer het. Dié diepe godsdienssin het die vaders en moeders in die gedesentraliseerde plattelandse gemeenskap aangespoor om hulle kinders te bring tot die aflegging van die geloofsbelydenis. Kinders is aangemoedig om te leer lees en skryf. Selfs onder die mees primitiewe omstandighede, „omring deur barbaarse kafferstamme, en afgesonder deur die wyduiteengestrekte bosveld en die dorre streke van die binneland, het gevalle van ongeletterdheid feitlik nie voorgekom nie”.<sup>1)</sup>

Die primêre doel van die onderwyspogings op die plase was om die kinders te bring tot die selfstandige lees van die Bybel, en om hulle voor te berei tot kerklidmaatskap.<sup>2)</sup>

Die plaasmense het in hulle opvoeding en on-

- 1) MALHERBE, E.G. Onderwys en die armblanke, p.14. Vgl. ook: SPOELSTRA, B., op. cit. p.65.
- 2) SPOELSTRA, B., op. cit., p.64. Vgl. ook: COETZEE, J.C. Onderwys in Transvaal, p.13.

derwys ook met die praktiese lewe rekening gehou. Van jongs af moes die seun sy vader behulpsaam wees met die buitenshuise werksaamhede, terwyl die dogter haar moeder met die huishouding help.<sup>3)</sup>

Bedags is die kinders voorberei vir die veel-eisende praktiese lewe, en soggens vroeg, saans laat en Sondae is hulle, as kinders van God, voorberei vir die Ewige Lewe.<sup>4)</sup>

### 3.2 Die metode van onderwys

Vanweë die gebrek aan bevoegde onderwysers op die plase, was dit meestal die taak van die ongeleerde ouers om hulle kinders te onderrig. Dit kan aanvaar word dat daar van primitiewe onderwysmetodes gebruik gemaak was. Ongelukkig kan dit nie met sekerheid bepaal word van watter metodes die ouers, en die onbevoegde rondgaande huisonderwysers, gebruik gemaak het om die leerstof aan die kinders oor te dra nie.

Dit kan in 'n redelike mate van sekerheid aangeneem word dat die plaaskinders, vanweë 'n groot tekort aan goeie leer- en leesboeke, in 'n hoë mate op hulle geheue aangewese was, en dat hulle die aangebode leerstof moes memori-

3) ROOS, op. cit., p.24.

4) HOON, op. cit., p.11.

seer. Predikante het dit onder andere vereis dat die jongmense die vraeboekie uit hulle kop moes kon opsê, alvorens hulle aangeneem kon word.<sup>5)</sup>

Nadat die dagtaak op die plase afgehandel was, het die ouers (of skoolmeesters indien hulle beskikbaar was) saans by kerslig skoolonderwys aan die vaak en gapende kinders verskaf. Letters is uit die blou ABC-boekie geleer, en woorde uit „De Trap der Jeugd”. Die „Kort Begrip” van Hellenbroek is gebruik vir kategetiese onderwys. Bedags het die groter seuns hulle leerboeke saam veld toe geneem, en hulle lesse geleer, terwyl hulle die vee opgepas het. Saans is die geleerde lesse aan die ouers opgesê.<sup>6)</sup>

Daar was ook plaasouers wat vryelik van die roede gebruik gemaak het, wanneer die kinders nie die leerstof kon memoriseer nie. In 'n poging om resultate te behaal (die ouers het dit van hulle vereis), het huisonderwysers vrees by die kinders ingeboesem.<sup>7)</sup> Selfs aan 'n goeie „oorvijgen” (oorveeg) het dit nie

5) SPOELSTRA, B., loc. cit.

6) COETZEE, J.C. *Onderwys in Transvaal*, p.14. Vgl. ook: SPOELSTRA, B., op. cit., p.61.

7) SPOELSTRA, B., op. cit., p.59; 61.

ontbreek nie.<sup>8)</sup>

'n Tipiese skooldag het by die plaasskool, volgens 'n beskrywing van C.N.J. du Plessis, min of meer soos volg verloop: Nadat die kinders in die skoollokaal gekom het, het hulle in volgorde van hulle ouderdomme aan weerskante van die enkele lang skooltafel op veldstoeltjies (of kissies) gaan sit. Meester het by die koppenent van dieselfde tafel gaan sit. Na die sing van 'n versie (psalm of gesang), is daar oorgegaan tot die formele lees- en skryfonderrig. Die skooldag is dan weer met sang en gebed afgesluit.<sup>9)</sup>

Gedurende die skoolure was die onderwyser aan min reglemente gebonde. Hy het in die skoollokaal gerook en selfs skoene gemaak.<sup>10)</sup>

Die inhoud van die afsonderlike skoolvakke was min of meer aan die leerlinge soos volg oorgedra:

### 3.2.1 Bybelse geskiedenis

Die kinders het die kennis van die Bybelse

8) DU PLESSIS, C.N.J., op. cit., p.322.

9) Loc. cit.

10) Ibid., p.323.

geskiedenis uit die vertellings van hulle ouers verkry. Daar is ook geleer uit Jacobus Borstuis se „Enige Korte Vragen voor de kleine kinderen“. Later moes hulle self uit die Bybel lees. Die geloofswaarhede is onderrig uit die boeke van Abraham Hellenbroek (veral sy „Voorbeeld der Goddelijke Waarheden“), 'n studie van „Het Kort Begrip der Christelijke Leer“ en die „Heidelbergsche Katechismus“. Sangonderrig het meestal bestaan uit die beoefening van die sing van psalms, gesange en sogenaamde „geestelike liederes“. <sup>11)</sup>

Godsdiensonderwys het hoofsaaklik saans plaasgevind, want bedags was die kinders hulle ouers met die plaaswerk behulpsaam. <sup>12)</sup>

### 3.2.2 Spelling- en leesonderrig

Alvorens die kinders kon leer lees, moes die alfabet van a tot z (soms daarna ook van z na a) geleer word. Die aanvanklike spel oefeninge het uit eenlettergrepige woorde met hoogstens twee letters bestaan. Letters is volgens hulle alfabetiese klanke (alfabet-metode) uitgespreek. <sup>13)</sup>

11) COETZEE, J.C. Onderwys in Transvaal, p.14.

12) BASSON, M.A. Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys, dl. 1, p.108.

13) SPOELSTRA, B., op. cit., p.60.

Nadat die leerlinge die speloeffeninge afgehandel het, en hulle die eenvoudige tweeletterwoordjies kon lees, kon hulle met 'n leesboek begin. Die eerste leesboekie was gewoonlik die „A.B.C. met de Haan" en die tweede die bekende „Trap der Jeugd".<sup>14)</sup>

Dit het dikwels maandelange inspanning geveerg om die „Trap der Jeugd" onder die knie te kry. Na afhandeling van die „Trap" het die kinders begin om uit die Bybel te lees.<sup>15)</sup>

### 3.2.3 Skrifonderrig

Kinders het aan die hand van die ouers of onderwysers se voorbeelde die afsonderlike letters van die alfabet leer skryf. Die verbinding van letters (lopende skrif) moes deur die kinders self ontdek word.<sup>16)</sup>

### 3.2.4 Sangonderrig

Formele sangonderrig het hoofsaaklik uit die beoefening van die sing van psalms en gesange bestaan. Die ouer of onderwyser het voorgesing en die kinders moes die psalms en gesange na=

14) COETZEE, J.C. Onderwys in Transvaal, p.14.

15) BOSMAN, I.D. Onderwys en die Groot Trek. Die Huisgenoot, op. cit., p.177.

16) SPOELSTRA, B., op. cit., p.62-3.

sing. Note wat probleme veroorsaak het, moes deur die leerlinge herhaal en geoefen word.<sup>17)</sup>

Behalwe die sing van psalms en gesange, het die kinders ook ander „geestelike liedere" leer sing.<sup>18)</sup>

Besondere aandag is aan sangonderrig geskenk. Die „ut-re-mi" is volgens die B-mol en B-duur geleer. Dit is van die kinders verwag om in te sit wanneer daar gesing moes word, en hulle moes die wysie nootvas hou. Predikante het dikwels tydens aanneming jongmense versoek om 'n vers in te sit.<sup>19)</sup>

### 3.2.5 Rekene-onderrig

Dit was tot die skryf van syfers (syferkuns) en eenvoudige hoofbewerkings beperk. Behalwe vir die skryf van syfers en die doen van eenvoudige optelsommetjies, was daar nie veel meer skriftelike werk gedoen nie. Heelwat mondelinge werk is gedoen.<sup>20)</sup>

Die betreklik ondergeskikte plek wat Rekene

17) Ibid., p.63.

18) COETZEE, J.C. Onderwys in Transvaal, p.14.

19) SPOELSTRA, B., op. cit., p.63.

20) Loc. cit.

beklee het, en die min aandag wat daaraan bestee is, kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat 'n kennis van Rekene nie vir die plaaskind 'n vereiste was om lidmaat van die kerk te word nie.

### 3.3 Die inhoud van die leerstof

Al het die landelike bevolking nie altyd die waarde van teoretiese kennis besef nie, was hulle tog daarop gesteld dat hulle kinders minstens die vereiste minimum verstandelike ontwikkeling en kennis moes verkry om lidmaat van die kerk te word. Elke kind moes minstens uit die Bybel kon lees; uit die geestelike liederebundels sing; elementêre syferwerk doen en eenvoudige korrespondensie voer.<sup>21)</sup> Lees, Sang (gewyde sang), Rekene, Skrif en Godsdiens het, in ooreenstemming met die Kaaps-Hollandse tradisie, die inhoud van die vroegste onderwyspogings op die platteland in die oor-Vaalse landgebied uitgemaak.

Art. 5 van die Van der Linden-onderwysreglement (1852) het bepaal dat „... het onderwys zal zich bepalen tot lezen, schryven, rekenen en verdere vakken van onderwys ...”.<sup>22)</sup> Al

21) COETZEE, J.C. Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Potchefstroom, p.124.)

22) Schoolreglement in 13 artikels, 1852, art. 5.



het die Van der Linden-onderwysreglement nie bepaalde voorsiening vir onderwys op die plat=teland gemaak nie, word dit aanvaar dat die voorgestelde kurrikulum in 'n groot mate ook vir die buitelandse distrikte gegeld het.

Die sogenaamde „... andere vakke van onderwys" waarvoor Van der Linden voorsiening gemaak het, is volledig uitgebou in art. 8 van die onderwysreglement van 1859 wat soos volg lui: „Het onderwys zal gegeven worden, in lezen, schryven, rekenen getal en vormleer, taal- en aardrykskunde, vaderlandsche algemene en bybelsche geschiedenis, en het zingen van Psalmen en Gezangen, by de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in gebruik, terwyl tevens ook in de zangkunde onderrigt zal gegeven worden".<sup>23)</sup> Hierdie uitbreiding van die skoolvakke het vir die plaasskole min waarde ingehou. Volgens die inspeksieverslae is die meeste van die vakke, selfs so laat as 1898, nie in die meeste plaasskole aangebied nie.

#### 3.4 Die algemene onderwyspeil

Die aktiewe onderwystydperk van die plaaskind was van korte duur. Indien daar vir 'n paar maande van die dienste van 'n huisonderwyser

23) Reglement voor de gouvernements onderwyzers in de Z.A. Republiek, 1859, art. 8.

gebruik gemaak is, was sy kennis gewoonlik ook nie veel meer as dié van die ouers nie. Daar kon dus geen sprake wees van 'n hoë onderwyspeil nie. Die plaaskind se onderwys het bestaan uit 'n elementêre kennis van die Nederlandse taal, Skrif, Rekene en Sang. Godsdiensoonderrig het bestaan uit die ouers (of onderwysers) se vertellings van die Bybelse geskiedenis, en die selfstandige lees van die Bybel.<sup>24)</sup>

### 3.5 Die jaarlikse openbare eksamen

Daar word in die skoolreglement van 1859 vir die eerste keer in die Transvaalse onderwysgeskiedenis melding gemaak van 'n jaarlikse eksamen. In die teenwoordigheid van die skoolkommissie en ouers is die kinders geëksamineer. Pryse moes deur die skoolkomitee aan verdienstelike leerlinge oorhandig word.<sup>25)</sup> Na die eksamen moes die skoolkommissie, deur middel van die voorsitter, 'n verslag oor die skool se werksaamhede aan die Uitvoerende Raad stuur. Die verslag sou in die staatskoerant gepubliseer word.<sup>26)</sup>

Die bepaling dat daar jaarliks 'n openbare

24) COETZEE, J.C. Onderwys in Transvaal, p.13-4.

25) Reglement voor de gouvernements onderwyzers in de Z.A. Republiek, 1859, art. 16.

26) Ibid., art. 18.

eksamen afgelê moes word, moes ongetwyfeld beide die onderwyser en leerlinge tot meer ywer en inspanning aangespoor het. Die leerlinge is deur middel van die pryse wat hulle, na afloop van die eksamen van die skoolkommis-sie ontvang het, aangespoor om hulle beste te lewer.

Bogenoemde was hoofsaaklik bedoel vir die goewermentsonderwysers. Dit moet aanvaar word dat daar vanaf die vroegste jare in die geskiedenis van die Transvaalse plaasskool pogings aangewend was om die vordering van die kinders by die privaat huisonderwysers te evalueer.

### 3.6 Rooster van werksaamhede

By die eerste plaasskole was daar nie vasgestelde en eenvormige skoolure nie, en 'n klasrooster was iets onbekends. Bedags was die ouers en kinders betrek by die plaaswerksaamhede. In die praktyk het plaaskinders hulle skoolonderwys soggens vroeg, en saans by kerslig ontvang.<sup>27)</sup>

Waar ouers van die dienste van rondgaande huisonderwysers gebruik gemaak het om die formele skoolonderwys aan die kinders te verskaf,

27) SPOELSTRA, B., op. cit., p.60-1.

het die gewone skoolure selde langer as twee uur per dag geduur, naamlik van 7.00 vm. tot 9.00 vm. 'n Huishorlosie was 'n seldsaamheid. Die plaasmense se tydsbewussyn was op 'n skatting gegrond; daarom het hulle na die lengte van die woonhuis se skaduwee gekyk.<sup>28)</sup>

Volgens die onderwysreglement van 1859 moes alle distriksonderwysers vanaf 1 Oktober tot 31 Maart soggens van 8.00 vm. tot 11.00 vm., en smiddae van 1.00 nm. tot 3.30 nm. skoolhou. Die onderrigure vanaf 1 April tot 30 September was van 9.00 vm. tot 12.00 middag, en dan weer vanaf 1.30 nm. tot 4.00 nm. (art. 12). Op Saterdag, Sondag en openbare feesdae is nie skoolgehou nie (art. 13), en daar was twee vakansies per skooljaar, nl. veertien dae gedurende die somer en veertien dae gedurende die winter (art. 14).<sup>29)</sup> Dit word aangeneem dat onderwysers wat op plase skoolgehou het, en subsidie van die regering ontvang het, dieselfde ure moes skoolhou as hulle kollegas in die groter sentra.

### 3.7 Skoollokale en meubels

Gedurende die vestigingsjare was 'n afsonder-

28) DU PLESSIS, C.N.J., op. cit., p.318-9.

29) Reglement voor de gouvernements onderwysers in de Z.A. Republiek, 1859, artt. 12-4.

like skoolgebou 'n seldsame verskynsel. Gewoonlik is 'n vertrek in die woonhuis, òf die waenhuis as skoolkamer ingerig. Wanneer die skoolkamer in die woonhuis ingerig moes word, is die voorhuis soms deur middel van 'n waseil afgeskort om as 'n aparte vertrek vir skooldoeleindes ingerig te ~~ky~~<sup>word</sup> 30) Nadat die skoolkamer skoongemaak, gewit en die vloer met beesmis gesmeer was, het die plaasmense soms 'n katel, matras en kometers daarin geplaas, sodat dit sommer ook as slaapkamer vir die onderwyser diens kon doen. 31)

Vanweë die tydelike bestaan van plaasskole sou dit sekerlik onekonomies wees om vir die rukkie wat die skool sou bestaan (3-6 maande), 'n afsonderlike skoolgebou op te rig. 'n Ruim skoolkamer was seker ook selde nodig, aangesien dit waarskynlik moeilik sou gaan om op die ylbewoonde platteland meer as twaalf leerlinge bymekaar te kry. 'n Enkele vertrek in die opstal (òf die waenhuis) kon derhalwe aan die dringendste akkommodasiebehoeftes voorsien. Aan ventilasie en beligting is daar waarskynlik selde aandag bestee.

30) DU PLESSIS, C.N.J., op. cit., p.318.

31) OLWAGEN, J.D. Die ontwikkeling en betekenis van die plaasskool in die Republiek Oranje-Vrystaat, p.146.

Die bietjie skoolmeubels wat daar was, was primitief en ondoeltreffend. Gewoonlik het die enkele skooltafel uit 'n paar lang planke, op een of ander wyse gestut, bestaan. Die leerlinge het weerskante van die skooltafel met hulle gesigte na mekaar, op kassies, planke of veldstoeltjies gesit.<sup>32)</sup>

### 3.8 Skoolmateriaal

Verbruikbare skoolmateriaal was skaars, en baie van die skryfgereedskap moes deur die huisonderwysers self vervaardig word. Ink was baie skaars, en die bietjie wat daar was, kon nie in die skool gemors word nie, want dit moes gebêre word om briewe mee te skryf.<sup>33)</sup> Ink vir skooldoeleindes is van 'n mengsel van ystervylsels en asyn met 'n bietjie boomgom daarin gemaak,<sup>34)</sup> òf deur 'n bepaalde bossiesoort te kook, totdat dit 'n „vuil swart" kleur aanneem het. Ink is ook van kruit en asyn gemaak.<sup>35)</sup> Skoolpenne is van gansvere vervaardig.<sup>36)</sup>

32) LUGTENBURG, A.H. Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek, p.14.

33) POSTMA, op. cit., p.156. Vgl. ook: LUBBE, op. cit., p.80.

34) PRELLER, G.S. Voortrekkermense, dl. 1, p.255.

35) DU PLESSIS, C.N.J., op. cit., p.323.

36) Ibid., p.318. Vgl. ook: PRELLER, G.S. Voortrekkermense, loc. cit.

Die leeshoutjies, waarsonder die kinders nie in die skoolkamer moes kom nie, was deur die leerlinge self gemaak. Deur middel van die dun houtjies het die kinders gewys waar hulle lees tydens leesonderrig.<sup>37)</sup>

Skryfpapier was moeilik verkrygbaar, en ongelinieerde papier is vir onderwysdoeleindes gebruik. Dit was die onderwyser se taak om met 'n potlood (wat hy self van 'n stuk lood moes maak) strepe op die ongelinieerde papier te trek, alvorens die kinders daarop kon skryf.<sup>38)</sup>

Sedert die eerste onderwyswetgewing in Transvaal is die goewermentsonderwysers van die verpligting onthef om die benodigde skoolmateriaal aan die leerlinge te verskaf. Indien die onderwyser dit voorsien het, moes hy deur die ouers daarvoor vergoed word.<sup>39)</sup> Die skoolmateriaal wat deur die ouers voorsien moes word, is duideliker omskryf in die onderwyswet van 1859. Elke leerling moes in besit wees van die nodige skryfpapier, pen, ink, lei, griffel en handboek. As die onderwyser dit verskaf het,

37) DU PLESSIS, C.N.J., loc. cit.

38) Loc. cit.

39) Schoolreglement in 13 artikels, 1852, art. 3.

moes die betrokke ouers hom daarvoor vergoed.<sup>40)</sup>

In bogenoemde twee onderwyswetgewings is niks spesifiek vir privaat huisonderwysers geformuleer nie.<sup>41)</sup> Dit blyk dat die rondgaande huisonderwysers op die plase dikwels nog die onontbeerlike skooluitrusting en skryfbehoeftes uit hulle karige inkomste moes aanskaf. Dit is ook te betwyfel of hulle altyd die nodige vergoeding daarvoor van die ouers ontvang het.

### 3.9 Leer- en leesboeke

Plaasskoolonderwysers het voortdurend met 'n ernstige tekort aan geskikte skoolboeke te doen gehad. In die klaslokale moes hulle noodwendig van 'n bonte verskeidenheid boeke (dit wil sê met boeke wat by die ouerhuise beskikbaar was) gebruik maak. Van die bekendste boeke wat op die plase in gebruik was, is die volgende:

\* A.B.C-Boek met de haan. Dit was 'n boekie wat bedoel was vir die jonger kinders. Die prente van Adam en Eva was vir die klein kindertjies mooi. Voor in die boekie kom die volgende rympie voor:

40) Reglement voor de gouvernements onderwyzers in de Z.A. Republiek, 1859, art. 6.

41) Daar was eers in 1866 in 'n onderwyswet duidelik onderskei tussen dorp- en plaasonderwys.



„De Haan verkondigt's Heren dag,  
heeft bij zijn huisgezin ontzag,  
roept ieder vroeg aan het werk  
en's Zondag's naarstig naar de Kerk".<sup>42)</sup>

\* A.B.-jab. Hierdie spellingboekie het die A.B.C.-boek met de haan aangevul. Die leerlinge moes tweelettergrepige woorde hieruit leer spel.<sup>43)</sup>

\* Trap der jeugd. Die „Trap" was waarskynlik die gewildste lees-, spelling-, skryf- en taalboekie, en dit het gewoonlik na die A.B.C.-boek met de haan en die A.B.-jab gevolg.<sup>44)</sup> Voorin verskyn die alfabet in Romeinse hoofletters, sowel as in gewone letters, en die syfers 1-10.<sup>45)</sup>

\* Kleine gedichten voor kinderen. Hierdie keurig geïllustreerde boekie met sy gedig=

42) PRELLER, G.S. Voortrekkermense, p.256. Vgl. ook: DE VILLIERS, A. Voortrekker-lektuur. (In Bosman, I.D. e.a. Voortrekker-gedenkboek van die Universiteit van Pretoria, p.134-5).

43) PRELLER, G.S. Voortrekkermense, p.257. Vgl. ook: DE VILLIERS, op. cit., p.136.

44) COETZEE, J.C. Onderwys in Transvaal, p.14. Vgl. ook: PRELLER, G.S. Voortrekkermense, p.257.

45) BASSON, M.A. Die Britse invloed in die Transvaalse onderwys, dl. 1, p.109.

gies en sedelessies is deur Hieronymus van Alphen geskrywe.<sup>46)</sup>

- \* Almanak voor het jaar 1824. Dit bevat allerlei gediggies, grappige prosa- en enkele geskiedkundige stukkie.<sup>47)</sup>
- \* Die Brave Hendrik. Hierdie boekie is deur Anslyn geskryf.<sup>48)</sup>
- \* De kleine Print-Bijbel. Sommige prentjies was van humoristiese aard.<sup>49)</sup>
- \* Eenige korte vragen voor de kleine kinderen. Jacobus Borstuis was die skrywer van hierdie werkjie wat kort vrae uit die Bybel, die Wet, die Twaalf Artikels en enkele kort gebede bevat.<sup>50)</sup>
- \* Voorbeeld der Godelijke Waarheden en Het Kort Begrip der Christelijke Leer, e.a. boeke van Abraham Hellenbroek.<sup>51)</sup>

46) DE VILLIERS, op. cit., p.134.

47) Ibid., p.135.

48) ROOS, op. cit., p.21.

49) DE VILLIERS, loc. cit.

50) COETZEE, J.C. Onderwys op die Groot Trek. Die Voortrek. Spesiale byvoegsel tot Die Transvaler, 13.12.1949, p.32.

51) Loc. cit.

\* Naas die Bybel, psalm- en gesangeboek, Heidelbergse Kategismus en Kortbegrip, het die plaasmense ook van ander bekende godsdienstige werke vir onderwysdoeleindes gebruik gemaak. „Ander bekende godsdienstige werke was die s.g., auteurboeke, meestal predikasie boeke met aantékeninge, soos die ‚Donderslag der Goddelozen‘, met gebede vir éniige dag van die jaar en éniige geleëndheid of geval wat sig mog voordoen. Dan was daar Bernhardus Smijtegelt, 'n predikasie-boek met lewensbeskrywing van die auteur; verder Petrus Beukelman en á Brakel, ook 'n predikasie boek. Almaal was ou-druk".<sup>52)</sup>

Gedurende die vestigingsjare was dit die gebruik dat ouers hulle kinders skool toe gestuur het met die Bybel of 'n vraeboek as leer- en leesboek. Indien meester dit sou waag om op 'n ander boek aan te dring, het hy in gevaar gestaan om 'n loesing van die ouers te ontvang.<sup>53)</sup> Ten einde die probleem van die verskeidenheid van onderwysboeke te bekamp, is die volgende reëling ten opsigte van goewermentsonderwysers in 1859 getref: „De ouders zyn verpligt hunne kinderen in de boeken te doen onderwysen, die

52) PRELLER, G.S. Voortrekkermense, p.256.

53) LUGTENBURG, A.H. Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek, p.64.

hun door den onderwyzer worden opgegeven, en door de Schoolcommissie zyn goedgekeurd".<sup>54)</sup>

As die goewermentsonderwysers in die groter sentra teen die euwel van 'n bonte verskeidenheid van onderwysboeke beskerm moes word, spreek dit vanself dat die plaasskoolonderwysers waarskynlik nog in 'n veel hoër mate met dié probleem geworstel het.

### 3.10 Die voertaal

Die medium van onderwys is nie gedurende die beginjare deur onderwyswetgewing bepaal nie. Dit kan aanvaar word dat daar baie min - indien enige - rondgaande huisonderwysers was wat op plase deur medium van Engels onderwys verskaf het. Die spreektaal was op die plase Nederlands, en die onderrigmedium in die plaasskole vanselfsprekend Nederlands.

Gaandeweg het die Engelse invloed op die Transvaalse onderwysstelsel begin toeneem. Engelssprekende handelaars en spekulante het hulle in Transvaal begin vestig, en hulle taal gehandhaaf. Gedurende daardie jare was die Boerebevolking ook nie teen die aanleer van

54) Reglement voor de gouvernements onderwyzers in de Z.A. Republiek, 1859, art. 7.

Engels gekant nie.<sup>55)</sup>

### 3.11 Rondgaande huisonderwysers

#### 3.11.1 Algemene oriëntering

Onder die rondgaande huisonderwysers was daar ontslane (selfs droster) soldate of matrose van twyfelagtige karakter. Sommige huisonderwysers kon geen sukses van ander beroepe maak nie, en het dan as 'n laaste wanhoopspoging hulle dienste by plaaseienaars aangebied om onderwys aan hulle kinders teen 'n geringe vergoeding te verskaf. Hulle het van die een plaas na 'n ander geswerf, en telkens slegs vir enkele maande aan plaaskinders die minimum onderwys, dit wil sê, slegs dit wat nodig was vir die aflegging van die geloofsbelydenis, verskaf.<sup>56)</sup>

Daar was ook diegene wat hulle by plase aange-meld het om skool te hou in 'n poging om 'n paar stuks vee te verdien om later 'n eie boerdery aan die gang te sit. Kontantgeld was skaars, en plaaseienaars het onderwysers ver-

55) BASSON, M.A. Die voertaalvraagstuk in die Transvaalse skoolwese, p.15-6. Vgl. ook: BOTES, E. Die taalmediumvraagstuk, p.13.

56) BOSMAN, I.D. Onderwys en die Groot Trek. Die Huisgenoot, op. cit., p.159.

kies wat hulle bereid verklaar het om vee of ander goedere as vergoeding vir hulle onderwys= dienste te aanvaar. Dikwels het huisonderwy= sers hulle karige inkomste aangevul deur aller= lei ander werkies op die plase te verrig. Soms was dit van die onderwysers verwag om met die plaaswerk behulpsaam te wees.<sup>57)</sup>

Die probleem van personeelvoorsiening vir plaasskole gedurende die beginjare is soos volg deur F. Lion Cachet beskryf: „Gedreven door de begeerte, om den kinderen, die geen gevestigde school kunnen bezoeken, toch eenig onderwijs te verschaffen, bedienen de Boeren zich van ‚meesters‘, die drie maanden hier en zes maanden d  ar, onderwijs geven. Onder deze ‚meesters‘ werden, en worden, enkelen gevonden, die, schoon niet voor het vak opgeleid, het toch con amore uitoefen, en ongetwijfeld veel nut stichtten en stichten, maar hun getal is zeer gering, en menige Boer moet maanden en maanden wachten, eer hij ‚geholpen‘ kan worden. De meeste ‚meesters‘ echter zijn in ieder op= zicht ongeschikt voor het gewichtig werk, dat zij ter hand genomen hebben, en ‚verhuren‘ zich als ‚meester‘ omdat zij op geen andere wijze een onderkomen kunnen krijgen. En zelfs voor zulke personen zijn er dikwijls meer

57) McKERRON, M.E. A history of education in South Africa, p.141.

plaatsen open den zij vervullen kunnen ...".<sup>58)</sup>

### 3.11.2 Die onbevoegdheid van die gehuurde huisonderwysers

Dit is te begrype dat plaaseienaars, vanweë die skaarste aan onderwysers, nie te veel aandag aan die sedes, verlede en bevoegdheid van hulle privaat huisonderwysers geskenk het nie. Blykbaar moes hulle net in 'n mate kon lees, skryf en rekene doen. Omdat hulle oor geen professionele opleiding beskik het nie, word dit ook sterk betwyfel of hulle daartoe in staat was om die leerstof aan die kinders oor te dra.

Beide die kerk en staat was bekommerd oor die onderwyspogings van die onbevoegde plaasskoolonderwysers. In 'n poging om die werksaamhede van die onbevoegde huisonderwysers aan bande te lê het die Van der Hoff-onderwysreglement van 1853 bepaal dat plaasonderwysers hulle by die kerkraad, waar die predikant was, moes aanmeld. Die betrokke predikant kon hom dan vergewis van die bekwaamheid van die onderwyser.<sup>59)</sup>

In 1859 is bepaal dat geen onderwyser as goe=

58) CACHET, op. cit., p.406.

59) Van der Hoff-onderwysreglement, 1853, art. 4.

Die onderwysertifikaat wat die Algemene Skoolkommissie in 1860 aan Cornelis Botha uitgereik het. Hierdie sertifikaat van die vierde rang sou hom toelaat om by 'n plaasskool skool te hou.

(LUGTENBURG, A.H. Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek, teenoor p.68.)



wermentsonderwyser toegelaat sou word as hy nie lidmaat van die Ned. Geref. Kerk was, en bewys kon lewer van sy bekwaamheid om as onderwyser op te tree nie.<sup>60)</sup>

In ooreenstemming met art. 26 van die Onderwyswet van 1859, het die Algemene Skoolkommissie onderwysers geëksamineer en sertifikate van bevoegdheid aan hulle uitgereik. Waarskynlik was Cornelis Botha, 'n sestienjarige kwekeling-onderwyser van Potchefstroom, die eerste persoon wat van die Algemene Skoolkommissie (die voorloper van die Raad van Eksaminatore wat later gevolg het) 'n sertifikaat van die vierde rang ontvang het. 'n Sertifikaat van die vierde rang sou hom toelaat om by 'n plaasskool skool te hou. Om die sertifikaat te verwerf, was daar nie veel van C. Botha vereis nie. Hendrik van der Linden, sy leermeester, het slegs oor 'n sertifikaat van die derde rang, wat hy in Nederland verwerf het, beskik. Sy opleiding het hoogstens tien maande geduur, en die vereistes aan die verowering van die sertifikaat was in verhouding met sy jeugdige ouderdom.<sup>61)</sup>

60) Reglement voor de gouvernements onderwysers in de Z.A. Republiek, 1859, art. 26.

61) LUGTENBURG, A.H. Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek, p.68.

### 3.11.3 Die salaris en diensvoorwaardes van rondgaande huisonderwysers

Private huisonderwysers het ongeveer 20 Rds. per maand verdien. Gevalle het voorgekom waar onderwysers op plase net vir hulle kos en klere gewerk het.<sup>62)</sup>

Onderwysers was genoodsaak om hulle skamele inkomste aan te vul deur allerlei ander loswerkies op die plase te verrig. Hulle het onder andere belastings ingesamel, hare geskeer, doodkiste gemaak, skoene gerepareer en briewe tussen minnaars opgestel.<sup>63)</sup>

Benewens die basiese en elementêre skoolonderwys wat huisonderwysers aan die plaaskinders moes verskaf, het plaaseienaars hulle gehuurde onderwysers met allerlei addisionele verpligtinge belas. Hulle was heel dikwels nog verantwoordelik vir die kategetiese onderrig van die kinders, die hou van huisgodsdien, die opstel van testamente en die uitskrif van geslagsregisters.<sup>64)</sup>

62) VAN DER HOFF, D. Brief aan U. Lauts. Potchefstroom, 3.8.1854. A13/2 : 251.

63) GERDENER, op. cit., p.68.

64) LUGTENBURG, A.H., Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek, p.68.

### 3.12 Waardering

Die plaaskinders het die beskeie plaasskool=  
tjies nooit met groot geleerdheid en teoretiese  
kennis verlaat nie. Die onderwys en opvoeding  
was egter prakties, en dit het by die vereistes  
van die tyd gepas. Ten spyte van al hulle  
tekortkominge het die plaasskole gedurende  
die wordingsjare „... uitstekende vruchten  
voortgebragt: zij hebben voortgebragt de  
voorvaders van't Boerenvolk, - die pioniers  
...”, wat Suid-Afrika van die Kaap tot by die  
Zambesierivier (Limpoporivier) skoongemaak en  
bewoonbaar gemaak het.<sup>65)</sup>

Sonder 'n georganiseerde skoolstelsel; sonder  
doelmatige geboue, meubels en toerusting het  
die Afrikaner gedurende die vestigingsjare  
hulle kinders van verstandelike en sedelike  
agteruitgang gered. Die kinders is deur hulle  
ouers opgevoed in gehoorsaamheid en eerbied  
vir gesag; in liefde vir hulle volk en nuwe  
vaderland, maar bowe-al - in die vrees van die  
Here. Die opvoeding en onderwys op die plase  
het aangepas by die omgewing en lewensomstan=  
dighede. „Dit het 'n geslag gekweek van onver=  
saagde baanbrekers wat die nuwe vaderland  
maatskaplik, ekonomies en staatkundig sou ont=

65) FOUCHÉ, op. cit., p.7.

gin, gerugsteun deur die sedelike krag van  
stoer Calvinisme".<sup>66)</sup>

66) BOSMAN, I.D. Onderwys en die Groot Trek.  
(Soos saamgevat deur Bot, A.K.). Die Huisge=  
noot, op. cit., p.177.